[5] Meyerspark Bybelstudie – Stap saam deur die Psalms: Psalm 4

Psalm 4: By U, Here, is vreugde en veiligheid.

[1] Vir die musiekleier; met snaarinstrumente. ’n Psalm van Dawid.

[2] As ek roep, verhoor my, o God van my geregtigheid! In benoudheid het U vir my ruimte gemaak; wees my genadig, en hoor my gebed!	Here, hoor my!
[3] Julle belangrike mense, hoe lank sal my eer tot skande wees? Hoe lank sal julle die nietigheid liefhê, die leuen soek? Sela. [4] Weet tog dat die HERE vir Hom ’n gunsgenoot afgesonder het; die HERE hoor as ek Hom aanroep. [5] Sidder, en moenie sondig nie; spreek in julle hart op julle bed, en wees stil. Sela. [6] Offer offers van geregtigheid en vertrou op die HERE.	Julle mense, hou op om my te vervolg!
[7] Baie sê: “Wie sal ons die goeie laat sien?” Verhef oor ons die lig van u aangesig, o HERE! [8] Groter vreugde het U in my hart gegee as wanneer hulle koring en hulle mos oorvloedig is. [9] Ek wil in vrede gaan lê en meteens aan die slaap raak; want U, o HERE, alleen laat my in veiligheid woon.	By U, Here, is vreugde en veiligheid.

Psalm 4 is beide ’n gebed tot die Here om te help, maar ook ’n bevestiging van die belydenis van Ps 3 dat die Here red en beskerm, en dat vertroue op Hom vir die gelowige vreugde en veiligheid kan bring ten spyte van moeilike omstandighede. Dit is bedoel om saam met Ps 3 gelees te word as ’n gebed van Dawid wat ook deur diep waters gegaan het, maar wie se nederigheid en vertroue op die Here vir die tydgenote van die skrywer steeds ’n navolgingswaardige voorbeeld gestel het. Die digter spreek die invloedryke mense van sy tyd aan: Hulle jaag “nietigheid” na, spot met gelowiges en vertrap die regte van gewone mense (4:3-6). Hy spreek egter ook sy eie medegelowiges aan, mense wat moed verloor het en twyfel of die Here hulle kan help. Aan hulle bevestig hy dat swaarkry mét die Here verkieslik is bo voorspoed sonder die Here (4:7-9).

1. Op watter manier pas Ps 4 in die mond van koning Dawid toe hy uit Jerusalem moes vlug? Vgl. v. 3 met 2 Sam 16:5-8, 13; v. 7 met 2 Sam 17:27-29; en v. 9 met 2 Sam 17:16-22.

2. Watter verband is daar tussen die opstandige konings van Ps 2:1 en die “belangrike mense” van 4:3? Die psalmdigter gee in 4:5 en 6 dieselfde raad wat ook in 2:11 en 12 gegee is. Wat behels dit?

3. Die messias van Ps 2 het sekere voorregte van die Here verkry. Hoe vergelyk dit met die Here se behandeling van die psalmdigter in Ps 4? Kyk veral na 4:4.

4. Wat is die “leuen” waarna vers 3 verwys indien ’n mens Ps 4 in die konteks van Ps 3 lees, veral 3:3? Vergelyk ook 4:3 met 3:4.

5. Hoekom sou ’n mens kon beweer dat die regverdige wat in Ps 1:2 beskryf word, reeds doen wat Ps 4:5 aanbeveel word?

6. Som die betekenis van Psalm 4 vir jou as gelowige in ’n paar woorde op: